Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 05 Feb 2018
Page: 15

AVE: 21168.05
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

# Pukke ge-Brand deur Tuks

**Marnus Kok**

Tuks se afrigter, Kruger van Wyk, het nie vir 'n oomblik getwyfel dat sy span die Varsity-krieket-trofee sal wen nie.

Dit was Tuks se kaptein, Neil Brand, wat met 'n kapteinsbeurt gehelp het om dié trofee weer staanplek in Pretoria te gee.

Tuks (157/5) het die verdedigende kampioen, die Pukke (154/4), Saterdagaand met vyf paaltjies in die eindstryd in Potchefstroom geklop.

Brand (59*) het van voor gelei en met sy span in die knyp op 79/5 kalmte getoon om die wenteiken met twee balle oor verby te steek.

Hy is nie 'n flambojante kolwer nie, maar hy kan duidelik kalm onder druk bly en weet boonop hoe om sy troepe te inspireer.

Dit was die derde keer dat die Pretorianers, wat verlede jaar in die eindstryd vasgeval het, die titel verower het.

"Ek het geweet ons het ouens soos Corbin Bosch en Ruben Trumpelmann wat groot houe kan speel," sê Van Wyk, 'n voormalige toetsspeler van Nieu-Seeland.

Met Donovan Ferreira (8) se vertrek en die telling op 79, was dit die einste Bosch (41*, 21b) wat hom by sy kaptein aangesluit en die wa deur die drif getrek het.

Dat Tuks in die rondomtaliewedstryde in die week teen Pukke (20 lopies) en die Maties (23 lopies) verloor het, het Van Wyk min geskeel.

" 'n Mens moenie jou beste krieket aan die begin van die toernooi speel nie. Die belangrikste doelwit gedurende die week was om die uitspeelwedstryde te haal," sê hy.

Die Pukke het straks te stadig begin in hul kolfbeurt en Janneman Malan (53, 51b) en Ruan Haasbroek (48*, 36b) moes dalk die pap bietjie dikker aangemaak het.

Conrad de Swardt, afrigter van die Pukke, sê die verskil tussen die twee spanne was Bosch se warrelwindkolfbeurt.

"Ek het gedink 170 lopies sou 'n goeie teiken wees, maar dit was nie 'n maklike kolfblad nie. Tuks was die beste span op die dag en het die een of twee foute wat ons begaan het, uitgebuit," sê De Swardt.




**Neil Brand het 'n kapteinbeurt (59*) gespeel in die Varsitybeker-eindstryd teen die Pukke. Hier kolf hy teen die Ikeys.** Foto: VARSITY SPORTS

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.